



Stasies van die Kruis

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Paasfees is die grootste fees op die Christelike kalender. Ons vier die kruis en die opstanding. Die lydensweg, die Stasies van die Kruis... Jesus se laaste ure – van die oomblik toe Hy tot die dood veroordeel is tot en met sy opstanding – word reeds eeue lank deur gelowiges gebruik om die boodskap van Paasfees te vier.

Die gebruik het in die vroeë kerk ontwikkel om te reis langs Jesus se lydenspad. Vir die vroeë Christene was dit 'n praktiese manier om in Jerusalem in Jesus se voetspore te volg. Op hierdie pad is daar 'n aantal Stasies van die Kruis waar gelowiges kan stilstaan, stilsit en stilword.

Vir ons bied die Stasies van die Kruis die kans om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Dit is belangrik om te beseef dat ons met hierdie pelgrimstog nie in Jesus se skoene loop nie. Paasfees wys eerder vir ons hoe God vir ons omgee, dat Hy die Een is wat met ons op pad is. Wat Hy vir ons gedoen het omdat Hy ons liefhet. Dat daar geen einde aan sy liefde vir ons is nie. Dat Hy ons afdraaipaaie ken. Dat Hy ons nie wegstoot nie. Dat Hy ons opsoek, vir ons omgee. Paasfees is 'n tyd om na binne te keer en ondersoek in te stel na die verhouding tussen God en ons. Die kontak met God is die kanaal waardeur die lewende water in ons lewens invloei. Ons moet die lydenspad van Jesus so inneem dat God se lewe daardeur in ons wortelskiet.

Ons wou graag Jesus se lydensweg oor die Paastyd uitbeeld. Ons hoop om dit vir nog baie jare te doen. Die stasies is oop vir almal wat dit graag wil besoek. Om die verskillende stasies gereed te kry, neem ongeveer 'n week. Deur die Stasies van die Kruis wil ons 'n wonderlike heenkome skep waar ons God kan aanbid en waar meer gebeur as net die oordrag van inligting. Besoekers aan die stasies beskryf dit dikwels as 'n intens emosionele belewenis.

Die afsonderlike stasies beeld elkeen 'n gedeelte van die lydensweg uit. Elke stasie besoek 'n gebeurtenis rondom die kruisiging en later die opstanding van Jesus Christus. Deur visuele uitbeelding, interaksie, belewenis en gebed word jy weer bewus gemaak van wat Jesus Christus vir jou beteken. Daar is 'n volledige handleiding by die begin van die stasies beskikbaar wat elke stasie toelig.

Besoekers aan die stasies word aangemoedig om van die geleentheid gebruik te maak om die stasies in stilte te besoek en 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Besoekers word ook aangemoedig om deel te neem aangesien van die stasies interaktief van aard is. Sou deelname vir 'n besoeker ongemak veroorsaak, kan hy of sy net reflekteer oor die Skriflesing of na die uitbeelding kyk.

Vanjaar se stasies begin met 'n geleentheid vir stilword en sluit af met Jesus se opstanding. Alhoewel toegang gratis is, wil ons ook in die gemeenskap 'n verskil maak en moedig ons mense aan om 'n donasie te gee of niebederfbare items saam te bring, wat dan aan gesinne in nood versprei sal word.

Ds Lisa-Mari Prinsloo, Centurion-Oos

*** Kyk op bladsye 4 en 5 vir inligting oor Centurion-Oos se Stasies van die Kruis

Lief en leed



Prof Natie van Wyk

- Ons is saam met **prof IWC (Natie) van Wyk** (emeritus) dankbaar dat sy onlangse sonarondersoek getoon het dat hy nie kanker in die pankreas het nie, maar net 'n granuloom (gevorm deur 'n groep immunitetselle). Dit is skadeloos. Die sonarondersoek sal in September herhaal word. Intussen is die immunoterapie wat hy sedert die begin van 2022 ontvang, suksesvol. Dit sal volgens beplanning daaglik vir nog 13 maande voortduur. Die nuwe-effekte is lastig, maar draaglik. Soms is sy stem so aangetas dat hy met moeite praat. Die moegheid en naarheid is hanteerbaar. Prof Van Wyk sê: *Dankie vir die belangstelling en voorbidding. Dit word baie waardeer. Sonder die gemeenskap van die gelowiges kom 'n mens moeilik deur 'n kankerstryd.*




Zander Slabbert

- **Zander Slabbert**, seun van ds MJ (Martin) en Hanlie Slabbert van Philadelphia, het onlangs, oor twee naweke in Februarie en Maart, die SA Skaakkampioenskappe (Blitz) in sy ouderdomsgroep (onder 12) gewen. Hy sal in Junie in Georgië aan die wêreldkampioenskappe deelneem. Baie geluk!
- **Ds EG (Etienne) Fourie** se emeritaataanvaarding vind plaas op Sondag 23 April 2023 om 09:00 by Gemeente Kempton, hv Blouborsie- en Lorethastraat, Van Riebeeckpark.
- **Ds AJ (Attie) Hattingh** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op Sondag 23 April 2023 by Gemeente Krugersdorp-Noord, hv President- en Krugerstraat, Krugersdorp-Noord. Die tyd is nog nie bevestig nie, maar dit sal so wees dat ander kollegas dit na hul eredienste ook sal kan bywoon.

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 April, en word hartlik geluk gewens:**

- Saterdag 1 April: Ds A (Annalize) Rossouw-Lombard (36)
(Dora Theo Gemeente Kimberley)
- Sondag 2 April: Prof AB (Ananda) Geysler-Fouché (51) (UP) en
ds L (Leanie) Lemmer (35) (Bellville)
- Maandag 3 April: Ds D (David) Barnard (59) (Magaliesmoot)
- Dinsdag 4 April: Di GS (Stephan) Botha (54) (Rustenburg-Suid) en
AS (Armandt) Botha (30) (Groeneweide)
- Woensdag 5 April: Prof T (Tanya) van Wyk (42)
(UP/Nederlandssprekende Gemeente)
- Donderdag 6 April: Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (74) (emeritus)
- Vrydag 7 April: Ds FJ (Frans) Redelinghuys (66) (emeritus)

Gemeentes en bediening



Is jy,
of iemand wat jy ken
deel van die
Semi-grasie?

**Ons wil jou graag
verwelkom en
help tuis voel
in die KAAP**

Kontak ds Leanie Lemmer van NHK Bellville by
hervormersindiekaap@gmail.com

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waarvoor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (frikkiesan@gmail.com). Baie dankie by voorbaat!

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na nedhervkerknbs@gmail.com of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.
- **WERKRUIMTE: SAMEWERKENDE GEMEENTES LOUIS TRICHARDT, ZOUTPANSBERG EN VAN WARMELO**

Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

Gemeenteprofiel: Die samewerkende gemeentes is Louis Trichardt en Zoutpansberg te Louis Trichardt tesame met Van Warmelo te Alldays. Die drie gemeentes is binne die ring van Noordelike Bosveld. Die Louis Trichardt-gemeentes het 'n gesamentlike sieletal van ongeveer 80, terwyl Van Warmelo 'n sieletal van ongeveer 68 het. Die gemeentes het trauma beleef na die skeuring wat in die NHKA plaasgevind het. Predikante wat belangstel, moet kennis neem dat daar, in samewerking met die kerkrade, uitdagings sal wees om weer vertroue en samehorigheid in die gemeentes te vestig.

Versorging: Die intreeskale van die Kerk is gebruik as riglyn vir die samestelling van die versorging wat insluit subsidie vir behuising, reiskoste, pensioen en medies.

Aansoeke: Aansoeke sluit op 31 Maart 2023 en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan die skriba van die samewerkende gemeentes, oudl DJ (Dirk) Harmse (djharmse@gmail.com).

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word.

Vir enige navrae, kontak oudl Dirk Harmse by 082 921 0477.



Hervormer, trek jy Suid-Kaap toe?

Van Bredasdorp tot Beaufort-Wes,
en kuslangs tot Plettenbergbaai

Gemeentes Swellendam,
Oudeniqua, Mosselbaai of
Oudtshoorn
ontvang jou graag!

nhkswellendam@gmail.com
outeniqua@nhk.co.za
gertmalan@telkom.net
nhk.oudtshoorn@gmail.com

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE LICHTENBURG**

Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.


Gemeente: Die gemeente is 131 jaar oud en het tans 594 belydende lidmate en 189 dooplidmate. Die gemeente beskik oor 'n kerkgebou, 'n gemeentesentrum, 'n aftreeoord en 'n ruim, gerieflike pastorie.

Leraarsprofiel: Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.

Aansoeke sluit op 30 April 2023. Aansoeke kan gestuur word na henkdutoit50@gmail.com. Enige navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag self ander kandidate nader.

Kerklike publikasies

- In die **April 2023-uitgawe van *Die Hervormer*** vra **ds Daniel Steinmann: *Waar vind die gelowige innerlike krag vir die daaglikse lewe?*** Na 'n ontleding van talle van die probleme waarmee Suid-Afrikaners tans worstel, antwoord hy: *In Jesus Christus, natuurlik!* **Dr Johan van Staden**, redakteur, beaam dat alle slegte tye die een of ander tyd verbygaan. Wanneer ek opreg omgee, of ervaar dat iemand vir my omgee, is daar altyd die vooruitsig dat dit veel vinniger sal verbygaan. **Dr Annelie Botha** kyk vanuit 'n pastorale perspektief na posttraumatiese stres en morele verwonding. Ons deel foto's van **ds Thomas Joubert** se bos met plaaslik-inheemse bome wat hy aangeplant het en jaarliks op 8 Januarie gefotografeer het, en **ds Carel Johann de Bruin** vertel van die stigting van Gemeente Witbank in April 1927. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.
- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by boekwinkel@nhk.co.za.





BOEKWINKEL-PROMOSIE VIR MAART 2023

2017 Gedenkalbum teen 50% afslag



Bestel van mev Sarie Roux by boekwinkel@nhk.co.za



- Hierdie Gedenkalbum het in 2017 verskyn onder redakteurskap van dr Wian Kloppers. Dit was maar die **tweede gedenkalbum van hierdie omvang** in die geskiedenis van die NHKA. Bestel dié pragboek teen 50%-afslag – nou net R150 (versending uitgesluit) – van mev Sarie Roux by boekwinkel@nhk.co.za.

Toerusting

- **Stasies van die Kruis by NHKA Centurion-Oos**, Napierweg 103, Lyttelton. Die Stasies van die Kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef **op jou eie tyd**. Dit sal sinvol wees om 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Daar is 'n handleiding by die begin van die stasies. Donasies welkom, of niebederfbare voedsel.
 - Maandag 3 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
 - Dinsdag 4 April: 09:00-12:00
 - Woensdag 5 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00

- Donderdag 6 April: 09:00-12:00; 16:00-18:30
 - Vrydag 7 April: 10:30-13:00
 - Saterdag 8 April: 10:00-13:00
- **Mentorskap-opleiding. NEEMASSEBLIEF KENNIS:** Die datums moes vanweë aanbieder-beskikbaarheid aangepas word. Dit sal nie meer op 24 en 25 April 2023 plaasvind nie. **Die opleiding sal nou op 22 en 23 Mei 2023 van 09:00 tot 16:00 aanlyn plaasvind.** Die toerustingsgeleentheid is gratis. VBO-punte sal ook toegken word. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by lisamari.swanepoel@gmail.com om jou plek te bespreek.
 - Die **ATKV** bied verskeie **geestelike retraites** aan, by Buffelspoort en in die Kaap by Goudini Spa. Kontak ds Gys van Schoor by gysvs@iafrica.com vir meer inligting oor kursusfooie en beskikbaarheid. Besprekings by 014 572 1000 of buffelspoort@atkv.org.za (Buffelspoort) en 023 349 8181 of konfgo@atkv.org.za (Goudini).
Buffelspoort – naweek van spirituele vorming
 - 5-7 Mei 2023
 - 21-23 Julie 2023
 - 13-15 Oktober 2023

'n Gedig

Ligjare

my onthou van jou, ma
begin vinnig vervaag
ek onthou grepe van ons gesprekke
oor jou liefde vir lees, filosofie en astronomie

jy het my vertel van verre sterrestelsels
ek onthou jy het die helderste sterre vir my uitgewys
soos Sirius, Canopus, Betelgeuse en die Suiderkruis

as 'n dromer (en denker) het jy geglo
met die dood begin ons volgende reis
jy het gesê ons is swerwers
wat net vir 'n wyle vertoef

elkeen in 'n tydelike omwenteling
om eendag weer te vertrek
na 'n volgende, veraf bestemming

maar ma, as jy kan
op jou reise van
komeet na planeet
staan eers 'n rukkie stil

jou lig is nie meer vir my so helder nie
jou stem verdwyn in golwe van gesuis
ma, deur my lens is jou beeld besig om te verflou:

daar is reeds drie-en-dertig ligjare
tussen my en jou

Jacques Boshoff
(LitNet, 9 Maart 2023)

Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na stellenbosch@nhk.co.za vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

Barmhartigheid

- **Dankbetuiging vanaf die NHSV Studieleningsfonds.** Om die Studieleningsfonds van die NHSV te sterk, het die Kommissie van die AKV bepaal dat die deurkollekte van die tweede Sondag van Februarie jaarliks aan die NHSV Hoofbestuur toegestaan word vir die aanvulling van die NHSV Studieleningsfonds. Die NHSV Hoofbestuur wil langs hierdie weg 'n waarderende dankwoord uitspreek aan al die gemeentes van die Kerk wat hul deurkollekte van die afgelope jare oorbetaal het aan die NHSV Hoofbestuur vir die aanwending van studielenings vir Hervormde studente. Elke bydrae word opreg waardeer, en verseker dat baie Hervormde studente gehelp kon word om 'n beter toekoms binne te gaan. **Daar is opregte waardering en dankbaarheid vir gemeentes se jaarlikse bydraes.** Die totale inkomste wat ontvang is van gemeentes vir deurkollekte in 2022 was R116 055,06.

Die toekennings vir NHSV studielenings vir 2023 is soos volg saamgevat:

- R44 000 toegeken aan 4 teologiestudente.
- R415 500 toegeken aan 37 studente in ander studierigtings.
- R54 000 toegeken aan 4 nagraadse studente.

Die totale bedrag toegeken aan 45 studente vir die 2023-studiejaar beloop dus R513 500 – hiervan was R303 000 vir lenings; R189 000 merietebeurse; en R21 500 prestasiebeurse.

Elke bydrae help ons Hervormde Kerk se jongmense om as studente hul oë op die toekoms te hou, terwyl hulle met vreugde in die oomblik van elke dag teenwoordig is. Daar is baie dankbare studenteharte vir hulp wat op hierdie manier verleen word. Dra asseblief die NHSV Hoofbestuur se dank oor aan elke lidmaat wat bygedra het om hierdie jongmense se drome te help waar word!

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
Semiversorgend: R6 180
Verswakte bejaardes: R6 720
Woonstelle (selfversorgend)
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
Eenslaapkamer: R4 500
Tweeslaapkamer: R6 070
Kontak ons bestuurder vir enige navrae
Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 manager@belfastrusoord.co.za
- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede
Enkel- en deerkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met drie etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deerkamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

Fondsinsamelings

- **Benoryn Familiekerk bied aan:**
Frank Opperman: *Ek wens ek wens...*
Teks en regie: Phillip Rademeyer
Na die roman deur Zirk van den Berg
Saterdag 22 April 2023 om 19:00
Venue: Hoërskool Brandwag
R150
Navrae: Corne 083 391 1368
- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf nodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

SP Engelbrecht-museum

- **Is daar iemand in die Kerk met 'n oop hand en oop beursie wat hierdie verprojek kan ondersteun?** Die SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) benodig **finansiële borge**. Die gebou van die NHKA se Kerkmuseum ondergaan tans restourasie: Tuinverfraaiing is gedoen en 'n nuwe hout afskorthewing is aangebring, 'n nuwe elektriese boks is geïnstalleer, die dak, geute en vensterrame (en nuwe stopverf) is gevef. Dit alles is reeds betaal. **Nou vir die res:** Buitemure (wit), 4 veiligheidshekke, 2 deure en deurkosyne, en 'n rolstoeloprit (donkergrys), wil ons graag verf. Ons het kundige advies ingewin. Volgens berekening het ons R9 000 se verf nodig; dan kom arbeidskoste by. Seker in totaal ruim R30 000 (onvoorsiene koste bygereken).



Een persoon het reeds R500 geskenk en nog een het ondersteuning beloof. Super Platina Verwe van Daleside, Meyerton vra 'n spesiale prys as deel van hulle Christelik gebaseerde ondersteuningsfonds – ons beveel hulle graag aan.

Wil jy help met 'n donasie? Die gemeente bied geleentheid om 'n borgpaneel teen die kerkheining aan te bring. Onthou ook, 'n skenking aan hierdie liefdadigheidsprojek is belastingaftrekbaar.

Kontak ds Carel Johann de Bruin by careljohann@gmail.com of 082 733 3951. Deel asseblief hierdie versoek ook met lidmate of persone wat moontlik kan bydra en dalk nie *Blitspos* lees nie.

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Ons Vader,
nou, in hierdie eerste oomblikke van die nuwe dag,
bid ek dat U my sal beskerm.
U is my toevlug,
en onder u vlerke vind ek altyd skuiling.
Bewaar my van teenspoed waar ek ook al gaan,
en keer alles wat boos is weg van my.
Oral waar ek gaan,
sal ek opkyk na U as my Beskermer,
die Een wat elke dag vir my veg.
U liefde en trou, en u goedheid en genade,
omring my daaglik,
daarom sal ek niks vrees nie.
Ek vertrou op U, my Heer,
en ek dank U vir u liefde en beskerming.
In Jesus se Naam, Amen.

womansday.com/life/inspirational-stories

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)